**11 November**

## God bewaar sy kerk

**Skrifgedeelte: Daniël 10:1-21**
**Fokusgedeelte: Daniël 10:12**

Aan die begin van elke nuwe jaar, die 14de van die eerste maand, het die Jode Paasfees gevier en dan opgewonde, dankbaar gedink aan God se magtige optrede toe Hy hulle voorouers uit Egipte verlos het en hulle na Kanaän gebring het.

In die derde regeringsjaar van Kores het die nou reeds bejaarde Daniël getreur in plaas daarvan om hom oor God se genade en mag te verwonder en saam fees te vier. Al was hy nog in Babel, het baie van sy volksgenote die geleentheid gebruik om ná dekades in ballingskap na Juda toe terug te trek. Ten spyte daarvan dat baie gelowige Jode terug was in die Beloofde Land, het alles nie voor die wind gegaan met God se volk en hulle diens aan Hom nie. Die tempel is byvoorbeeld nog nie herbou nie. Die toekoms het vir Daniël steeds donker gelyk.

Die bejaarde, treurende Daniël verootmoedig hom voor God. Daarom verhoor God sy gebede en stel hom gerus deur vir hom te wys wat in die toekoms gaan gebeur.

Die kerk se toekoms lyk dikwels donker. Min ywer. Ontkerstening onder veral jongmense. Min fondse. Brutale vyandskap teen Christene, veral in sekere wêrelddele. Vir God se nederige kinders ís daar 'n toekoms. Hy bewaar sy kinders (kerk) deur donker tye. Jesus Christus het al die mag in die hemel en op aarde. Hy regeer. Ook vandag en môre. Hy het beheer ook oor sy kerk se toekoms tot op die dag wat Hy weer kom.

*Sing: Psalm 45:1, 4, 5 (1936-beryming)* *Dr. EJ de Beer (Laeveld)*